



Bybelsondag: Genees, vernuwe, lewe

Teken in om 'n skakel na blitspos te ontvang

Nuus, berigte en kort kommentaar (uiters 100 woorde) aan produksie@nhk.co.za

Webblad van die Hervormde Kerk www.nhka.org

Die redaksie aanvaar verantwoordelikheid vir die inhoud. Menings deur skrywers uitgespreek, is egter nie noodwendig die beleid of standpunt van die Hervormde Kerk nie.

Waarom hou ons iets soos 'n Bybelsondag? Wat is die doel met en boodskap van Bybelsondag? Alhoewel die Bybel deel van ons alledaagse lewe is, is dit tog goed om by geleentheid die belangrike rol wat die Bybel in ons lewe speel, uit te lig. Op so 'n dag sou ons veral op drie sake kon fokus.

Die Bybel is die Woord van God. Dit is, met ander woorde, die manier waarop God met ons kommunikeer. Dit is iets om oor dankbaar te wees. Die Bybel is die bron waaruit ons God leer ken en waarin ons geloof in God gegrondves is. Die feit dat God nie 'n stom afgod is nie, maar die enigste ware God wat met ons as sy kinders praat, getuig van God se genade en liefde vir ons. Hierdie gesprek van God met ons vind natuurlik in die besonder deur die kerk se verkondiging plaas.

Tweedens herinner Bybelsondag ons weer aan die wonderbaarlike proses waardeur die Bybel onder leiding van die Heilige Gees tot stand gekom het. Dit sluit in die oorlewering, opskryf en versameling van die teks van die Bybel. Daarby kom ook die belangrike aspekte van die vertaling en beskikbaarstelling van die Bybel. Alhoewel mense in al hierdie sake 'n groot rol speel, kan ons ook nie anders nie as om God se hand in alles raak te sien. Onlangs was daar 'n besoeker van Pakistan by die Bybelgenootskap (BSA) se kantoor. Hy het verduidelik hoe moeilik dit is om 'n Bybel in Pakistan in die hande te kry en ook hoe gevaarlik dit is om daar 'n Bybel vir iemand te gee. Dit bring ons weer onder die indruk van die voorreg wat ons het dat die Bybel vrylik en in al die tale van ons land beskikbaar is.

Laastens moet ons nie die pastorale en terapeutiese waarde van die Bybel onderskat nie. Alhoewel daar geen bonatuurlike krag in die Bybel as boek is nie, is die Bybel baie keer in die storms van die lewe vir ons 'n sigbare teken van God se teenwoordigheid. Ons kan almal getuig van hoe 'n teksgedeelte uit die Bybel tydens 'n krisis ons vertroue en bemoedig het, of aan ons nuwe rigting gegee het.

Die tema vir Bybelsondag wat vanjaar op **22 Augustus** val, is: *Genees, vernuwe, lewe*. Waar mense die boodskap van die Bybel uitleef, kom daar heling. Dit is in die tyd waarin ons leef noodsaaklik dat ons die goeie nuus van God se liefde en genade sal deel. Daarom word gemeentes versoek om op Bybelsondag 'n spesiale offergawe in te samel en aan die BSA oor te betaal. Die ideaal bly steeds dat elke lidmaat van die Kerk die koste van een gesubsidieerde Bybel, naamlik R55, sal bydra.

Die werk van die BSA word deur die Kerk ondersteun as deel van ons missionale verantwoordelikheid. Twee van die Kerk se predikante, dr Gerhard Lindeque (voltyds) en dr Sanrie de Beer (deeltyds), is namens die Kerk by die BSA werksaam. Deur die BSA as deel van die wêreldwye gemeenskap van Bybelgenootskappe, is die Kerk betrokke by die verspreiding van God se Woord tot in die verste uithoeke van die wêreld. Ook in ons eie land is die BSA betrokke by die verspreiding van die Bybel aan armes en graad 7-leerders. Gemeentes kan gerus wees dat hul bydraes verantwoordelik en effektief aangewend word

Dit bly ons verantwoordelikheid om seker te maak dat elke persoon in ons land toegang het tot die Bybel. Ten spyte van talle uitdagings, kon die BSA verlede jaar 875 707 Bybelgedeeltes in verskillende formate in Suid-Afrika beskikbaar stel. Dit word moontlik gemaak deur bydraes uit die kerke en ander donateurs. Baie dankie aan elke gemeente, lidmaat en predikant vir hierdie positiewe gesindheid.

Dr Gerhard Lindeque
Bybelgenootskap van Suid-Afrika

Lief en leed



Mnr Johan van
Huyssteen

- **Mnr Johan van Huyssteen** (64), vorige bestuurder van Bejaardesorg en OTMT (Ons Tuis), is op 5 Augustus oorlede weens Covid-19. Sy roudiens het op 10 Augustus vanuit die Medi Stepdown-kliniek in Gezina plaasgevind. Ons innige simpatie gaan aan die familie.
- **Mev Sylvia Gerber** (91), skoonmoeder van ds IM (Naas) Lombard en ouma van ds IM (Retha) Losper van Suidoos-Witbank, is op 20 Julie oorlede. Haar gedenkdien op Saterdag 31 Julie is gelei deur dr Martin Jansen van Rensburg. Tannie Sylvie het ongeveer drie dekades lank in die pastorie gewoon. Ons innige simpatie gaan aan mev Annette Lombard en haar familie.

- **Ds PR (Rudi) Janse van Rensburg**, voorheen van Gemeente Ottosdal, is op Sondag 1 Augustus in Gemeente Weltevreden bevestig. Die egpaar is reeds sedert 1 Julie 2021 werksaam in die gemeente, maar hy kon weens die inperkingsmaatreëls eers 'n maand later bevestig word. Die bevestiging is waargeneem deur ds Annerie Conradie, konsulent van Weltevreden. Na die verwelkoming deur Weltevreden het oudl Wilna le Roux van Ottosdal 'n afskeidsboodskap gelewer. Die huidige voorsitter van die ring van Roodepoort, dr Gerhard Nel, en dr Wouter van Wyk, sekretaris van die Kommissie van die AKV, het namens die ring van Roodepoort en die AKV groetboodskappe aan ds Rudi, sy vrou Nadine en hul twee maande oue babaseuntjie, Willem, oorgedra. Die kerkraad en gemeente is werklik geseënd om weer 'n voltydse predikantspaar te kon ontvang en hoop om hartlik met hulle saam te werk.

- **Mev Karin Janse van Rensburg**, skriba van Gemeente Culembееck, laat weet soos volg: "25 jaar gelede het ons hemelse Vader prop **Annerie Conradie** na Culembееck-gemeente gestuur vir 'n maand, om te help. Kort daarna het die gemeente haar beroep as predikant. Op 28 Julie 1996 is sy in die amp bevestig. Danksy ds Annerie se liefde, positiewe houding en voorbeeld het Culembееck in alle opsigte gegroei. Sy is ook nou betrokke by ander gemeentes in die ring van Roodepoort, ander kerke in die omgewing, skole en liefdadigheidsorganisasies. Daar is geen woorde in enige taal nie om te sê hoe dankbaar ons is teenoor ons hemelse Vader vir dié pragtige persoon. So ook is daar geen woorde nie om dankie te sê aan ds Annerie vir die 25 jaar van wonderlike liefde en ondersteuning."

- **Die volgende predikante verjaar tot 20 Augustus 2021, en word hartlik geluk gewens:**

- Vrydag 13 Augustus: Ds JMJ (Jan) de Wet (75) (emeritus)
- Woensdag 18 Augustus: Dr GMJ (Gafie) van Wyk (63) (Kaapstad)
- Donderdag 19 Augustus: Dr CJ (Christo) Viljoen (89) (emeritus),
di JD (John) Putter (68) (emeritus) en
HF (Hennie) la Grange (61) (Kampersrus)
- Vrydag 20 Augustus: Ds MM (Marike) van der Merwe (43) (beroepafwagting)

Gemeentes en bediening

- **Die Sinodale Dienssentrum is steeds gesluit. Alle personeellede werk van die huis af en kan op hul selfone of via 012 322 8885 bereik word.**
- Gemeentes het reeds e-posse ontvang met inligting oor in watter maand hul **boeke ingestuur** moet word **vir oudit**. Ons versoek vriendelik dog dringend dat die boeke wat geskeduleer is vir die verskillende maande **tot en met Augustus 2021**, nou ingestuur moet word. Die gemeentes wie se **eksterne oudits** afgehandel is, moet asseblief ook hul **finansiële state instuur** of e-pos na ria@nhk.co.za sodat dit so gou moontlik op die stelsel ingevoer kan word.
- Gemeente Gobabis se e-posadres het verander van jventer@mtcmobile.com.na na jventer41@gmail.com. Die MTC-adres is nie meer in werking nie.
- **Spesiale deurkollekte vir die Bybelgenootskap van Suid-Afrika.** Soos aanbeveel deur die Kommissie van die AKV, vind die jaarlikse deurkollekte vir die BSA vanjaar plaas op

Sondag 22 Augustus. Dit staan bekend as **Bybelsondag**. Die datum is vervroeg omdat Hervormingsondag (31 Oktober) te naby aan die einde van die BSA se finansiële jaar is en die bydraes dan nie betyds inbetaal kan word nie. Gemeentes word dus versoek om die deurkollekte van Sondag 22 Augustus so gou moontlik daarna aan die Bybelgenootskap oor te betaal.

- **Bybelgenootskap: Hoop in beweging. Uitdaging: 21/22 Augustus 2021.** Ds Pierre Jacobs van Gemeente Outeniqua daag al die gemeentes van die Kerk uit om soos hulle aan die virtuele Stap/Draf/Fietsry van die BSA deel te neem en gesamentlik 'n afstand van **1 200 km** af te lê. (Kyk die video by https://youtu.be/zeaAlJiyV_I) Dit is 'n simboliese afstand vanaf die gemeente in George tot by die Bybelhuis in Kempton Park. Gemeentes kan 'n groepinskrywing van tien of meer deelnemers maak vir hierdie virtuele geleentheid. Stuur 'n e-pos na malan@biblesociety.co.za vir meer inligting, of met 'n versoek vir 'n groepinskrywing met die naam van jul gemeente en die aantal deelnemers. Die BSA sal 'n betalingsversoek stuur wat die gemeente dan namens almal betaal. Die inskrywingsgeld is **R100 per persoon** en verteenwoordig die waarde van twee Bybels; dit sal gereken word as 'n bydrae van die gemeente tot die BSA se missie van 'n Bybel vir elkeen. Sodra die betaling gemaak is, word 'n kodebewys aan die gemeente gestuur, wat die deelnemers dan kan gebruik om te registreer op die platform sonder om te betaal.

- **Vakante werkrumte vir die samewerkende kerke in Harare.** Die NHKA en die NGK in Harare funksioneer sedert 2019 as een gemeente. Dit is 'n tipies stedelike gemeente en bestaan hoofsaaklik uit ouer persone. Daar is ook lidmate wat buite die stedelike gebied woon. Die **vastetermynpos vir drie jaar** kan met wedersydse instemming verleng word. Aansoeke word ingewag van 'n **tweetalige predikant** wat geleitmeer is in die Hervormde Kerk of die NG Kerk (eredienste word om die beurt in Afrikaans en Engels gelei). Aangesien die skoolopleiding in Zimbabwe geweldig duur is, moet predikante verkieslik nie skoolgaande afhanklikes hê nie.

Die **vergoedingspakket** beloop 'n leefbare inkomste in Zimbabwe, plus gratis verblyf in 'n gemeubeleerde pastorie (insluitende sekuriteit, telefoon, data, water, ligte en 'n bediende) en gratis gebruik van 'n gemeentevoertuig.

Aansoeke moet vergesel wees van 'n verkorte CV met vermelding van die kontakbesonderhede van twee referente, en moet gestuur word na njssteenekamp@gmail.com. Vir meer inligting, kontak die konsulent van die Hervormde Kerk, ds Nicolaas Steenekamp, by 073 279 3315 (RSA); of NHKA oudl Rinus Grau by +263 71 261 1536; of NGK oudl Deon Theron by +263 77 224 6233.

Toerusting

- Die volgende byeenkoms van die **studiegroep** wat maandeliks saam 'n Bybelteks bestudeer, vind plaas op **Maandag 16 Augustus van 09:30 tot 11:00**, via Zoom (<https://us02web.zoom.us/j/88229874441>). Alle predikante en Bybelwetenskaplikes is welkom om daarby aan te sluit. **Dr Wouter van Wyk en ds Martin Slabbert** wil – gedagtig aan die herdenking van Bartolomeusnag op Sondag 22 Augustus – 'n bietjie nadink oor **martelare**. Teen dié agtergrond vra hulle predikante om Openbaring 6 voor te berei en by te dra tot die gesprek. Hoewel die fokus van die gesprek dalk sal val op Openbaring 6: 9-11 (die vyfde seël wat oopgemaak word), vorm die teks deel van 'n wyer narratief wat strek van Openbaring 4 tot Openbaring 8: 5 oor God se wêreldregering en oordeel. VBO-punte sal toegeken word aan deelnemers. Belangstellendes kan hul teenwoordigheid vooraf aan ds Martin Slabbert bevestig by slabbert.mj@gmail.com.

Kerklike publikasies

- In die Augustus 2021-uitgawe van **Die Christelike Vrou** lui **ds Hannelie Botha** Vrouemaand in met haar redaksionele artikel. **Dr Martin Jansen van Rensburg** se spreekwoordelike vergrootglas wys vir ons die groter prentjie van **Armoede** in ons samelewing. Vrouemaand word ook gevier deur **drie aanlyn geleenthede** wat gratis bygewoon kan word – registreer

vandag nog om jou plek te verseker. **Heleen van As**, woordvoerder van Ons Tuis, deel met ons tannie Nakki van Ons Tuis Riviera se 101ste verjaardagviering! Volg die skakel <https://nhsv.org.za/publikasies/>.

'n Gedig

Dat . . .

Het hulle selfs daarná besef
wat met die stuk vis gebeur het wat Hy
voor hulle opgeëet het –

dat sy getransfigureerde liggaam
niks aards meer nodig sou hê –

dat 'n ongewone stofwisseling
die brok wat hulle Hom aangebied het
omgeset het in Gees –

dat iets van so 'n ingrypende aard
met die ganse skepping gebeur het
dat niks, nie eens die geringste klip,
ooit weer dieselfde sou wees?

Sheila Cussons

(Uit: *Die knetterende woord*, 1990)

Barmhartigheid

- Die NHSV Hoofbestuur herinner takke aan die **vrywillige uitbetalings** wat gewoonlik gedurende Augustus gedoen word. Die **riglyn vir die Augustus-uitbetalings** is dat 'n tak moet probeer om 33% van haar inkomste, nadat die Mei-uitbetalings afgetrek is, aan die Hoofbestuur oor te betaal. Die ander 67% kan volgens eie diskresie aan u gemeente en gemeenskappe se barmhartigheidswerk bestee word. Onthou asseblief dat oorbetalings aan plaaslike instansies soos tehuise van bejaardes direk aan die instansies oorbetaal moet word vanuit u tak – u stuur dus 'n aparte betaling direk aan hulle. Indien u tak weens omstandighede ook nog nie Mei se betalings gedoen het nie en u in staat is om dit wel te doen, kan u dit oorweeg om dit ook nou te doen, indien moontlik. **Bankdeposito's of elektroniese oorbetalings** kan gedoen word. E-pos asseblief die betaalstaat en 'n afskrif van die elektroniese oorbetalings na finansies@nhsv.org.za.
- **Rata Maatskaplike Dienste se Drive for a Child-gholfdag** wat geskeduleer was vir 24 Augustus 2021, is weens Covid met al sy beperkinge uitgestel tot **26 Oktober 2021**. Hierdie gholfdag vind steeds by Silver Lakes-gholfbaan in Pretoria plaas. Die fondse wat ingesamel word, is ten bate van elke kind wat tans deur Rata ondersteun en gehelp word.
Koste: R4 400 (Vierbal) – gholfkarretjies, halfweghuisete, aandete, *goodie bags* ingesluit
Putjieborg: R2 500
Vierbal met putjieborg ingesluit: R5 500
Navrae: Charmaine Fourie charmaine@rata.org.za / 071 684 7796
- **Athalia Uitrek in Bloemfontein**
Verblyf vir en versorging van bejaardes en gestremdes
Enkel- en deekamergeriewe in 'n huislike atmosfeer
Verblyf met 3 etes ingesluit
Verblyf sonder versorging R1 700 per maand
24-uur-versorging onderhandelbaar
(maksimum R8 000 per maand deekamer)
Navrae: 079 826 6363 / 084 023 0315 / 051 522 6089
navrae@athalia.co.za
www.athalia.co.za



- **Machteld Postmus-behuisingskompleks vir bejaardes** in Brooklyn, Pretoria, het 'n tweeslaapkamer-woonregeenheid beskikbaar by Frans Boshoff: Dit is Woonstel 3 teen R485 000. Kontak mev Hannelie Fourie by 012 325 1857 x216 vir meer inligting.
- **Louis Trichardt-behuisingskompleks vir bejaardes** in Danville, Pretoria, bied kamergeriewe met drie etes per dag teen R4 435 per maand. Vir meer inligting, kontak mev Vicky Muller by 012 386 5310.
- **Ons Tuis (Andries Marié Oosthuizen) in Parys** het tans plek beskikbaar in die tehuise vir versorging van verswakte bejaardes teen R9 760 per maand. 'n Volledige versorgingsfasiliteit sluit in 24-uur-versorging, drie maaltye per dag en sekuriteit. Behuisingsfasiliteite teen R5 990 per maand is ook beskikbaar op dieselfde perseel; dit sluit drie etes en weeklikse wasgoed en skoonmaak van kamers in asook gratis deelname aan sosiale programme. Vir meer besonderhede, skakel matrone Teresa Broodryk by 056 811 2185.
- **Seniordal-aftreeoord**
Kieserstraat 126, Rietondale
Een enkelwoning te koop teen R510 000
Een eenslaapkamerwoning te koop teen R515 000
Een 1½-slaapkamerwoning te koop teen R520 000
Een tweeslaapkamerwoning te koop teen R560 000
Een tweeslaapkamerwoning te huur teen R6 500 per maand
Navrae: Beulah du Plessis by 082 847 9544
Seniordalpta@gmail.com

Fondsinsamelings

- **Gemeente Oos-Londen: Word 'n affiliaal van Nguni Gifts**
Verdien 2- tot 7%-kommissie
Befonds jul gemeente se bediening deur verwysings
Stuur 'n e-pos of WhatsApp-boodskap om jul gemeente aan te sluit
larry@nguni-gifts.co.za
WhatsApp 072 020 8911

Allegaatjie

Een nadeel daarvan om by die huis te werk, is dat die grens tussen jou huis- en werklewe moeiliker gehandhaaf kan word. MTN het besluit om sy werknemers daarvoor te vergoed. "Ons neem die werknemers se welstand in ag en bied alle werknemers die geleentheid om vir 'n betaalde 'aflyn vakansie' van een week, benewens hul jaarlikse verlof, aansoek te doen. Ons het gevind dat werknemers gereeld langer dae werk as wat as gesond beskou word. Die gebrek aan pendeltyd beteken ons mense gaan sit 07:00 by hul lessenaar en staan eers 19:00 op; ons moes dié gedrag aktief ontmoedig." (*Beeld*, 10 Augustus 2021)

Betaalde advertensies in hierdie nuusbrieff

Die koste vir advertensies is **R250 per plasing (BTW ingesluit)**. Die verskuldigde bedrag moet uitgemaak word aan die Raad van Finansies, ABSA tjekrekening nommer 020-000-287, takkode 632-005, verwysing: u naam + Blitspos. Neem kennis dat die redaksie in uitsonderlike gevalle mag besluit om 'n advertensie nie te plaas nie en die adverteerder se geld terug te betaal.

Meer besonderhede oor advertensies kan aangevra word van produksie@nhk.co.za.

'n Gebed vir innerlike vrede en krag

Heer, ek kom na U,
gereed om my bekommernisse,
angste en vrese
voor u voete neer te lê.
Ek beroep my op u beloftes
van vrede en krag in my lewe.
Skenk my 'n vrede
wat alle wêreldse begrip oortref.
Maak my 'n lig waarin ander u krag kan sien.
Amen.

Skrywer onbekend
(Afrikaanse weergawe: Tessa Oppermann)

<https://www.facebook.com/milwoodcommunitychurch/photos/>

